**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. 736** **22 JUNIE 2016**

# DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

**Registrasie No: 98/09584/06**

**VERKLARING VAN 'N GEDEELTE VAN NASIONALE PAD N4 SEKSIE 7 SOOS HIERONDER BESKRYF AS 'N TOLPAD.**

Ingevolge Artikel 27(1)(a)(i) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar die Agentskap hiermee die gedeelte van Nasionale Pad N4 seksie 7, soos verklaar as nasionale pad in Staatskoerant no: 30745 van 8 Februarie 2008, beginnende waar dit aansluit by die N4 seksie 7X by koordinate L1 en R1 van die gemelde verklaring op die plaas Riverside 308 - JT, van daar in 'n oostelike rigting op die bestaande Nasionale Pad N4 seksie 7 tot by punte L220 en R259 van Plan no. P628/07 van die nasionale pad verklaring op die plaas Karino Farm 134 –JU, uitsluitende die gedeelte verklaar as nasionale pad vanaf punt R134 tot punt R184, as 'n Tolpad.

**NAZIR ALLI**
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE**